Die Lewende Kerk

Weekblad van Die Gereformeerde Gemeente Bergbron
Sondag 26 Julie 2015

Baie Welkom by ons Erediens!

www.bergbron.org.za

Erediens

Vandag se erediens word gelei deur ds Stephan Briel
Lees: Mat 6: 19 – 34 en Ef 2: 8 – 10.
Fokus: Ef 2: 10.
God se voorsiening!

Omgee:

- Elna, Gerhard en Susan Botha se dogter, gaan Maandag vir 'n keisersnee. Ons bid dat alles goed sal gaan met haar en die nuwe baba. Veilige reis vir Gerhard en Susan.

Offergawes: ◊

Kollektes tydens die diens:
Diakonie sakkie 'D' gemerk: Vir die versorging van behoeftiges.
Ongemerkte sakkie: Vir instandhouding van die erediens.

Afkondigings: ☼

- Ds Stephan se **katkisasiegroep met hulle ouers** kom vanmiddag om 16:30 in die kerkgebou bymekaar.
- **Kursusse** vir die kwartaal: 31 Jul – 2 Aug Oorwinnaars Linden; 14-15 Aug FFI Finansies Bergbron; 22 Aug Heilige Gees Seminaar Linden; 3-5 Sept FFI vlak 1 Bergbron; 11-13 Sept Oorwinnaars Reitz; 12 Sept Arise Bergbron; 18-20 Sept Oorwinnaars Alberton.
- **Griefshare** (Rousmart- ondersteuningsgroep). Enige belangstellendes word genooi vir 'n 13 week-kursus by GK Randburg: Dit begin DV **Dinsdag 4 Augustus tot Dinsdag 3 November 19:00 – 21:00.**
  Indien jy graag meer wil weet gaan woon die eerste aand by of kontak Ankie vir die kontaknommer.
- **Tee/koffie skinkbeurte** – **vandag** skink Groep 1, Elzette, Hilda, Susan en Mariëtte. Die volgende skinkbeurt is op 16 Augustus en dan skink Groep 2.
- **Woensdagaand om 18:00 gebed** in die kuierkamer. Almal is welkom.
- **Vir afkondigings of berigte** (asb. voor Donderdag) in DLK kontak Ankie (011 673 9705, kantoor@bergbron.org.za of sms na 072 651 8286).

Die uur wat die wêreld verander

Die week is ons by aspek 6 van die 12 aspekte van gebed.

Voorbidding/Intersessie is om vir ander mense in te tree, om te konsentreer op die nood en behoeftes van ander mense, om vir ander in die bres te staan.

Ek dring daarop aan dat daar in die eerste plek met smeking, voorbidding en danksegging gebid moet word vir alle mense, vir die wat regeer en vir almal wat gesag uitoefen, sodat ons 'n rustige en stil lewe kan lei in volkome toewyding aan God en in alle eerbaarheid.(1 Tim.2:1-2)

- Om te bid vir God se plan in ander se lewens.
- Om tussen God en ander mense te gaan staan en vir hulle behoeftes te bid – te vra vir genade en barmhartigheid.
- Dit is 'n geestelike posisie voor God – om daar te bly totdat jy die versekering het dat God jou gehoor het en Hy jou vrystel om nie meer daarvoor te bid nie.
- Dit is God se metode om sy kinders te betrek in sy plan met die wêreld.
- Wanneer jy voorbidding doen, staan jy aan God se kant en werk jy saam met Hom tot redding of voordeel van iemand anders.

Daar kan tye van “geestelike oorlogvoering” in ons gebedstyd wees. Bid en vra die Here om deur die werking van die Heilige Gees aan jou te toon waar magte van die Bose aan die werk is. Vanuit jou gesagsposisie in Christus moet jy die magte van Satan in Jesus se Naam bind, hulle vestings verbreek en drogredenasies vernietig. Weerstaan die duiwel en gee aan hom geen vashouplek nie. Jesus het die Bose aan die kruis oorwin. Ons as gelowiges moet hierdie oorwinning op elke terrein van die lewe gaan proklameer. Die aspek van geestelike oorlogvoering sal o.a. na vore kom in die periodes van waak, voorbidding en persoonlike versoeke.

Onthou die skets wat met ‘n vorige DLK ingesluit was, sal jou help om te weet op watter verskillende areas jy in jou gebed moet fokus: bid vir evangelisasie en herlewing, eerstens hier in jou eie kring en wat dan al wyer uitkring.

Lekker verjaar ...!🕯

Verjaardae in die week:
28/07 LIZÉ VAN DE VYVER 082 872 6873
30/07 ALDA VAN DE VYVER 082 872 6873
31/07 ELIZE DU TOIT 082 255 3141

Mag die Here jou oorvloedig seën

Die Lewende Woord Vir Jou Vandag 📖

Prediker: Ds. Stephan Briel

Lees: Mat 6: 19-34 en Ef 2: 8-10.
Fokus: Ef 2: 10.
God se voorsiening!

- Ons hantering van geld wys duidelik wat ons begrip van rentmeesterskap is.
- Geld is nie boos nie, maar *‘n liefde vir geld* (1Tim 6: 10).
- Tov die voorsiening in ons behoeftes, leer Jesus spesifiek teen die ideë van saai en maai (vers 26).
- *Mossie-geloof*: vertroue dat jou hemelse Vader in jou behoeftes sal voorsien eenvoudig uit genade en omdat Hy jou liefhet.
- God se voorsiening: *Provisie* = *Pro* (voorvoegsel) + *visie* (stam) = vir/ gunstig wees vir die *Visie*.
- God het spesifieke *goeie dade* vir jou lewe beplan en voorberei op aarde waardeur Hy sy Koninkryk wil vestig (Ef 2: 10).

- God sal uit genade en liefde die nodige middele voorsien om sy visie vir jou lewe (*"goeie dade waarvoor Hy jou bestem het"*) te bereik.

Vir nadenke en gesprek by selgroepe en huisgodsdiens:

- Hoe word die "saai en maai" beginsel misbruik in die kerk?
- Is ons hemelse Vader se voorsiening in ons behoeftes afhanklik van ons finansiële saad wat ons saai?
- Wat is die bepalende faktor vir God se voorsiening? (vgl Ef 2: 10)
- Hoekom bestaan jy? Wat is jou skeppingsdoel?

Jy kan help...asseblief

- Daar is geleentheid om **persoonlike gebedsversoeke** te gee deur dit in die houer te gooi wat gemerk is op die tafel – Gerhard vra indien die Here jou gebed verhoor het kan jy iets soos 'n blom op die tafel kom sit as teken.
- Die **swart krat** vir blikkieskos donasies wat agter in die kerk gestaan het, gaan meer prominent wees sodat ons kan onthou om nie-bederfbare items te bring.
- **Rebekka** is 'n jong huishulp met baie energie wat werk soek – navrae by Ankie.

Wil jy by die gemeente aansluit?

Vul asseblief 'n **pienk vorm** in - op die tafel by die deur. As jy 'n attestasie of bewys van lidmaatskap het, gee dit saam met die vorm vir die predikant. Bel ds. Stephan (011 477 2133 of 082 253 3029) of vir Ankie by die kerkkantoor(011 673 9705).

Foto's van lidmate

Stuur asseblief 'n kop-en-skouers foto of 'n gesigfoto van jouself per whatsapp of per e-pos – met jou naam en van – na Ankie. Verkieslik in jpg. formaat, asseblief. Die adres is kantoor@bergbron.org.za. of whatsapp by 072 651 8286.

Bergbron besonderhede

Bergbron webwerf: www.bergbron.org.za

Ds. Stephan Briel – herder en leraar: 011 477 2133, 082 253 3029, stephan@bergbron.org.za

Musiekdiensgroep – Anneliese Marshall: 082 524 6414 of 011 678 3966, marshall.anneliese@gmail.com

Jeug – Vernon Fortune: 071 217 7792, vernonfor.vf@gmail.com

Gebedsgroep – Gerhard en Susan Botha 083 53 79770

Bankbesonderhede: Gereformeerde Gemeente Bergbron, ABSA Parktown, rek. 180 350 349

Kantoorure: Dins, Do en Vrydae van 09:00 tot 13:00. Tel. 011 673 9705

kantoor@bergbron.org.za
Diakens: kontak Carel Cornelissen: 083 717 0003.
Ouderlinge: Pieter de Klerk 082 464 9480; Pierre Douglas 083 307 8865; Martiens Ferreira 082 563 2610; Jacques Moolman 072 277 0036; Willie Volschenk 082 777 7734.

Baie Dankie

Baie dankie vir almal wat gehelp het tydens die afgelope weke met die twee begrafnisse, van Marilyn Lötter op 4 Julie en John Macleod op 16 Julie.
Namens die Begrafnisdiensgroep.